NED GERF GEMEENTE MEYRSPARK

Die Basuin

AFKONDIGINGS

SONDAG 13 SEPTEMBER 2020

Sondagprogram

09:00: **Erediens: -Prof Phil Botha**

10:00 : **Gesinsdiens - *saal* Ds Izak Liebenberg**

Kategese -

Soos met elke klas gereël

18:00: **E-gesinsdiens** - Reël met Wihan om in te skakel

Vir jou voorbidding:

Nils Anderson (012 803 2598)

Martin Petzer (082 339 9782)

Deon Mills (082 461 3305)

Linda Botha (072 4315721) herstel na 'n operasie

Susan van der Vyfer (083 277 7774) vra gebed vir 'n oogprobleem.

Kontak een van die leraars of Beryl by die kerkkantoor om sake vir voorbidding aan te meld.

2 Kor5:17 Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

Verjaardae

80 jaar en ouer:

Eline Vos (083 686 1733) het gister (12 Sept) **85** geword.

Sondag (13 September)
Annatjie Kruger **88** (073 233 9930)
Hennie Marais **96** (083 255 5616)

Maandag (14 September)
Piet Bosman **80 (**082 772 5233)

Donderdag (17 September)
Corrie Du Plessis **82**(072 493 8048)

Saterdag (19 September)
Lena Brooks **91** (082 336 9989)

Ons dank die Here saam met julle vir soveel jare van Sy genade.

Ander:

Sondag (13 September)
Marius Smit (082 829 1868)

Maandag (14 September)
Marlize Graaff (071 685 3820)

Dinsdag (15 September)
Reneè Lyons (082 440 7454)
Linda Smit (076 944 9425)

Woensdag (16 September)
Lizette De Bruin (The Woods 45)
Bill Prinsloo (082 569 7079)

Donderdag (17 September)
Chandelise Burnett (
Donna Grovè (082 834 7768)

Vrydag (18 September)
Annetta Blignaut (083 330 6297)
Len Els (082 923 0603)
Gideon Watson

Saterdag (19 September)
Braam Marais (082 789 6875)

Hierdie week:

EREDIENSTE

Eredienste by Wilgers Aftreeoord
Dinsdag, 8 September 2020
09:30-10:00 & 10:30-11:00 — Ds Izak Liebenberg
Bespreek elke week vooraf.

Eredienste in kerk
Sondag, 20 September 2020
09:00 - 10:00 — kerk — Ds Louis Brittz
10:00 - 11:00 — saal (gesinsdiens) — Wihan Rossouw.
Bespreek asb. vooraf soggens by kantoor – **volgens regulasies word net 50 persone op 'n gegewe tyd op die kerkterrein toegelaat.**
Alle voorsorgmaatreëls word gevolg.
Kom met masker. Temperatuur word gemeet en jy teken 'n register voordat jy die gebou ingaan.
Eredienste word steeds op whatsapp en youtube uitgestuur.

Kontakbesonderhede

Ds Izak Liebenberg 083 407 7858
Wihan Rossouw 073 489 1414
Ds Louis Brittz 083 383 1262
Kerkkantoor: 012 803 1531 of ngmeyerspark@absamail.co.za—vir alle navrae, op weeksdae 08:00 tot 13:00.
Sosiale media:
https://www.facebook.com/NGMeyerspark
https://www.youtube.com/channel/UCOEk0KPYVGtwXcem9Dk79hg
https://twitter.com/ngmeyerspark
Besoek gerus ook ons webtuiste by
https://ngmeyerspark.co.za/

BYBELSTUDIE: PSALMS

Prof Phil se notas word op whatsapp en e-pos gestuur. Om deel te neem, kontak gerus die kerkkantoor.

Gemeentevraelys insake beroep van leraar

Ons wil graag 'n geleentheid bied dat ons lidmate 'n aanduiding kan gee t.o.v. die profiel van die persoon wat vir die pos van nuwe leraar oorweeg moet word.
'n Vraelys met die oog op die profiel van die nuwe dominee is elektronies uitgestuur en is ook Sondae by die kerk en in die week by die kerkkantoor beskikbaar. Lidmate word genooi om daarop te reageer.
Handig die voltooide vorm by die kerkkantoor in of e-pos dit aan ngmeyerspark@absamail.co.za voor 22 September 2020.

Tuinwoonstel te huur

Nuutgeboude tuinwoonstel te huur in La Montagne.
1 slaapkamer, badkamer, groot leefarea en dubbel motorhuis.
Kontak mev Burger 084 668 0137.
Dadelik beskikbaar.

Nuus uit Kerkraad

Die Kerkraad het op sy laaste vergadering (1 September) oor die volgende sake besluit:

Strategiese beplanning: Die Kerkraad het 'n verslag ontvang oor die strategiese beplanning wat in Januarie 2020 afgeskop het en ongelukkig deur die inperking onderbreek is. Die verslag onder leiding van dr Lourens Bosman waaraan die Kerkraad en lede van die gemeente deelgeneem het, het vier punte waaraan in die toekoms aandag gegee moet word, naamlik:

* Visie/roeping van die gemeente. * Toekomstige aktiwiteite en aksies deur die gemeente in die vooruitsig gestel.* Betrokkenheid in die gemeente. * Eenheid in die gemeente en uitreik na die gemeenskap.

Die Kerkraad moet in samewerking met die onderskeie Bedieninge in die gemeente voortdurend hieraan aandag gee.

Beroeping van nuwe leraar: Die Kerkraad het kennis geneem dat ds Liebenberg einde Julie 2021 moet aftree en dat Wihan Rossouw, wat tans sy gemeentejaar in ons gemeente doen, se kontrak aan die einde van 2020 verstryk.

Die Kerkraad het besluit om 'n proses te begin om 'n nuwe leraar te beroep vir Meyerspark. Die beroeping sal waarskynlik eers vroeg in 2021 geskied. Die eerste stap is om 'n profiel saam te stel van die leraar wat beroep moet word. Daarom word onder andere gekyk na die behoeftes van die gemeente en ook wat die visie en die toekomsbeplanning vir Meyerspark is. In hierdie opsig pas die beroeping van 'n nuwe leraar in by bogenoemde strategiese beplanning van die gemeente, en dien die strategiese beplanning as riglyne vir 'n beroeping. Die volgende vergadering waar die leraarsprofiel gefinaliseer sal word, is geskeduleer vir 28 September 2020. Ons vra dat die gemeente saam met ons sal bid dat die Here ons deur hierdie proses sal lei.

***Die Kerkraad het ds Louis Brittz as pastorale hulp betrek totdat hierdie proses afgehandel is.

Pos van jeugwerker:

Wihan Rossouw is tot einde Desember 2020 beskikbaar as Jeugwerker en daarna soos hy dit kan inpas in sy program. Die toekoms van die Jeugwerkerspos sal as deel van die beplanning deur die Kerkraad aangepak word.